Geen verandering aan dosis of frekwensie van dosering word benodig nie.

Nierinkorting:

Amfoterisien-B, soos in **TERISOM,** is in aangemelde studies suksesvol toegedien aan pasiënte met voorafbestaande nierinkorting teen dosisse van 1- 5 mg/kg/dag en geen dosisaanpassing of frekwensie van toediening is benodig nie.

Pediatriese Populasie:

Amfoterisien-B, soos in **TERISOM,** is in pediatriese pasiënte van die ouderdom een maand tot 18-jaar oud bestudeer. Dosis moet bereken word op dieselfde massa-basis per Kg liggaamsgewig soos vir volwassenes.

Die veiligheid en doeltreffendheid van amfoterisien-B, soos in **TERISOM,** is nie vasgestel in suigelinge onder die ouderdom van een maand nie.

Metode van toediening

TERISOM moet deur intraveneuse infusie oor ‘n periode van 30-60 minute toegedien word. Vir dosisse groter as 5 mg/kg/dag, word intraveneuse infusie oor ‘n 2-uur periode aanbeveel (sien afdeling 4.4). Die aanbevole konsentrasie vir intraveneuse infusie is 0,20 mg/mL tot 2,00 mg/mL amfoterisien-B, soos **TERISOM** (sien afdeling 6.6).

4.3 Kontraindikasies

- **TERISOM** is teenaangedui in pasiënte wat hipersensitiwiteit teen amfoterisien-B of enige van die bestanddele aangetoon het, tensy die mediese praktisyn van opinie is dat die toestand wat behandel moet word, lewensbedreigend is en slegs vatbaar is vir **TERISOM-**terapie (sien afdeling 6.1).
- Veiligheid in swangerskap en laktasie is nie vasgestel nie.

4.4 Spesiale waarskuwings en voorsorgmaatreëls vir gebruik

Anafilakse en anafilaktoïede reaksies

Anafilakse en anafilaktoïede reaksies is aangemeld in assosiasie met amfoterisien-B infusie, soos in **TERISOM**. As ‘n ernstige anafilaktiese/anafilaktoïede reaksie voorkom, moet die infusie onmiddellik gestaak word en die pasiënt moet geen verdere infusie van **TERISOM** ontvang nie.

Infusie-verwante reaksies

Ernstige infusie-verwante reaksies kan voorkom tydens toediening van **TERISOM** (sien afdeling 4.8). Oorweging van voorsorgmaatreëls vir die voorkoming of behandeling van hierdie reaksies moet toegepas word by pasiënte wat **TERISOM-**terapie ontvang. Stadiger infusie-tempo (oor twee uur) of normale dosisse van difenhidramien, parasetamol, petidien, en/of hidrokortisoon is aangemeld om suksesvol te wees in hul voorkoming of behandeling.

Nefrotoksisiteit

Liposomale amfoterisien-B, soos in **TERISOM,** is aangemeld om wesentlik minder toksies as konvensionele amfoterisien-B te wees, veral met betrekking tot nefrotoksisiteit; alhoewel ongewenste nierreaksies steeds kan voorkom.

In aangemelde studies waar amfoterisien-B, soos in **TERISOM**, 3 mg/kg daagliks met hoër dosisse (5, 6 of 10 mg/kg daagliks) vergelyk is, is dit aangemeld dat die voorkomskoers van verhoogde serumkreatinien, hipokalemie en hipomagnesemie aansienlik hoër is in die hoër-dosis groepe.

Langdurige terapie

Ongunstige voorvalle kan voorkom en versigtigheid moet toegepas word wanneer langdurige terapie benodig word. Gereëlde laboratorium-evaluaise van nier-, lewer- en hematopoïetiese funksie moet uitgevoer word. Dit is veral belangrik in pasiënte wat

gelyktydige nefrotoksiese medikasie ontvang (sien afdeling 4.5). As gevolg van die risiko van hipokalemie, mag toepaslike kaliumaanvulling nodig wees tydens die verloop van die **TERISOM-**infusie toediening. Indien merkbare kliniese afname in nierfunksie of verergering van ander parameters voorkom, moet oorweging geskenk word aan dosisverlaging, onderbreking of staking van behandeling.

Akute pulmonêre toksisiteit
Akute pulmonêre toksisiteit is aangemeld in pasiënte wat amfoterisien-B (as natrium-deoksicholaat-kompleks) ontvang tydens of kort ná leukosiet-transfusies. Daar word aanbeveel dat hierdie infusies deur ‘n tydperk vir so lank as moontlik tussen mekaar gedoen word en pulmonêre funksie moet gemonitor word.

In die behandeling van diabetiese pasiënte:
Onaktiewe bestanddele
Sukrose: Daar moet kennis geneem word dat **TERISOM** ongeveer 900 mg sukrose in elke flessie bevat.
Pasiënte met seldsame oorerflike probleme van fruktose-onverdraagsaamheid, glukose-galaktose wanabsorpsie of sukrase-isomaltase-tekort, moet nie hierdie medisyne neem nie.
Natrium: **TERISOM** bevat 27 mg dibasiese-natriumsuksinaat per flessie.

4.5 Interaksie met ander medisyne en ander vorme van interaksie

Geen spesifieke interaksie-studies is met amfoterisien-B, soos in **TERISOM,** aangemeld nie. Die volgende medisyne is egter bekend daarvoor om interaksie met amfoterisien-B te hê en kan interaksie met **TERISOM** hê.

Nefrotoksiese medisyne:
Gelyktydie toediening van amfoterisien-B, soos in **TERISOM,** met ander nefrotoksiese medisyne, byvoorbeeld siklosporien, aminoglikosiede en pentamidien, kan die moontlikheid vir medisyne-geïnduseerde nefrotoksisiteit versterk. Alhoewel, in pasiënte wat gelyktydig siklosporien en/of aminoglikosiede ontvang, het **TERISOM** relatief minder nefrotoksisiteit.

Gereëlde monitering van nierfunksie word aanbeveel in pasiënte wat amfoterisien-B saam met enige nefrotoksiese medisyne ontvang.

Kortikosteroïede, kortikotrofien (ACTH) en diuretika
Gelyktydige gebruik van kortikosteroïede, kortikotrofien (ACTH) en diuretika (lus en tiasied) kan hipokalemie versterk.

Digitalisglikosiede

TERISOM infusie-geïnduseerde hipokalemie kan digitalis-toksisiteit versterk.

Skeletspierverslappers
TERISOM-geïnduseerde hipokalemie kan die kurarivorme effek van skeletspierverslappers (bv. tubokurarien) versterk.

Antifungusmiddels
Geen bewys van die voordeel vir die gebruik van flusitosien saam met amfoterisien-B, soos in **TERISOM,** is aangemeld nie. Terwyl 'n sinergie tussen amfoterisien en flusitosien aangemeld is. Gelyktydige gebruik met flusitosien kan die toksisiteit van flusitosien verhoog deur moontlike verhoging van die sellulêre heropname en/of benadeling van die renale uitskeiding.

Antineoplastiese medisyne
Gelyktydige gebruik van antineoplastiese medisyne kan die potensiaal vir nefrotoksisiteit, brongospasma en hipotensie verhoog. Antineoplastiese medisyne moet met versigtigheid gelyktydig toegedien word.

Leukosiet-transfusies
Akute pulmonêre toksisiteit is aangemeld in pasiënte wat amfoterisien-B (as natrium-deoksicholaat-kompleks) tydens of kort ná leukosiet-transfusies ontvang het. Daar word aanbeveel dat hierdie transfusies vir so lang periode as moontlik uitmekaar toegedien word en pulmonêre funksie moet gemonitor word.

4.6 Fertiliteit, swangerskap en laktasie
Swangerskap
Die veiligheid van **TERISOM** in swanger vrouens is nie vasgestel nie.
Sistemiese fungusinfeksies is suksesvol in swanger vrouens met konvensionele amfoterisien-B behandel sonder sigbare effekte op die fetus, maar die aantal aangemelde gevalle is onvoldoende om enige gevolgtrekking oor die veiligheid van **TERISOM** in swangerskap te maak.

Borsvoeding
Dit is onbekend of **TERISOM** in menslike borsmelk uitgeskei word. Die veiligheid om **TERISOM** tydens borsvoeding te neem, is nie vasgestel nie.

Fertiliteit
Aangemelde dierestudies dui nie op direkte of indirekte skadelike effekte met betrekking tot voortplantingstoksisiteit nie.

4.7 Effekte op die vermoë om te bestuur en masjinerie te gebruik

Geen studies op die effekte op die vermoë om te bestuur of masjinerie te gebruik, is aangemeld nie.

Sommige van die ongewenste effekte van **TERISOM,** hieronder aangedui, kan die vermoë om te bestuur of masjinerie te gebruik beïnvloed.

4.8 Ongewenste Effekte

Opsomming van ongunstige reaksies:

Koors en koue/koudheid is die mees algemene infusie-verwante reaksies wat verwag word om voor te kom tydens toediening van amfoterisien-B, soos in **TERISOM.** Minder algemene infusie-verwante reaksies kan bestaan uit een of meer van die volgende simptome: rugpyn, benoude bors of pyn, dispnee, brongospasma, blosing, tagikardie, en hipotensie. Hierdie klaar vinnig op wanneer die infusie gestaak word en mag nie voorkom met elke opeenvolgende dosis nie of wanneer stadiger infusie-tempo (oor 2 uur) gebruik word.

Bykomend kan infusie-verwante reaksies voorkom word deur die gebruik van pre-medikasie. Ernstige infusie-verwante reaksies kan egter die permanente onttrekking van **TERISOM** noodsaak.

Die volgende ongunstige reaksies is aangemeld met amfoterisien-B, soos in **TERISOM**, gebaseer op kliniese proefdata en na-bemarkingservaring. Die voorkoms is gebaseer op analise van saamgevoegde kliniese studies van amfoterisien-B-behandelde pasiënte. Die voorkoms van ongunstige reaksies van na-bemarkingservaring is nie bekend nie.

Ongunstige reaksies word hieronder gelys volgens liggaamsorgaanklas-stelsel en word gesorteer volgens voorkoms.

Tabel 2

Orgaanklas-stelsel	**Dikwels**	**Minder dikwels**	**Voorkoms onbekend**
Bloed- en limfatiese stelselversteurings		Trombositopenie	Anemie
Immuunstelsel-versteurings		Anafilaktoïede reaksies	Anafilaktiese reaksies, hipersensitiwiteit

Metabolisme en voedings-versteurings	Hipokalemie, Hipomagnes-emie,hipo-kalsemie, hiperglukemie, hiponatremie	-	-
Senuweestelsel-versteurings	Hoofpyn	Konvulsie	-
Kardiale versteurings	Tagikardie	-	Hartarres, arritmie
Vaskulêre versteurings	Vasodilatasie, blosing, hipotensie	-	-
Respirato-riese, torakale en mediastinale versteurings	Dispnee	Brongospasma	-
Gastroïntestinale versteurings	Naarheid, braking, diaree, abdominale pyn	-	-
Hepatobiliêre versteurings	Abnormale lewerfunksie-toetse, hiperbilirubin-emie, verhoogde alkaliese fosfatase	-	-
Renale en urinêre versteurings	Verhoogde kreatinien, verhoogde bloedureum	-	Nierversaking, nierontoe-reikendheid
Vel-en subkutane weefsel-versteurings	Uitslag	-	Angio-neurotiese edeem

Muskuloskeletale en bindweefsel-versteurings	Rugpyn	-	Rabdomiolise (geassosieer met hipokalemie), muskulo-skeletale pyn (beskryf as artralgie of beenpyn)
Algemene versteurings en toedienplek-toestande	Pireksie, koudheid, borskaspyn	-	-

Beskrywing van geselekteerde ongunstige reaksies

Infusie-verwante reaksies

Daar is aangemeld dat amfoterisien-B, soos in **TERISOM-**behandelde pasiënte, 'n aansienlik laer voorkoms van infusie-verwante reaksies, vergeleke met pasiënte wat met konvensionele amfoterisien-B of amfoterisien-B lipiedkomleks behandel is, ervaar.

Renale toksisiteit

Nefrotoksisiteit kom tot 'n sekere mate voor met konvesionele amfoterisien-B in meeste pasiënte wat die produk intraveneus ontvang. In 'n aangemelde studie was die voorkoms van nefrotoksisiteit met amfoterisien-B (soos gemeet deur serumkreatinien-verhoging meer as 2,0 keer basislynmeting), ongeveer die helfte as die vir konvensionele amfoterisien-B. In 'n ander aangemelde studie, was die voorkoms van nefrotoksisiteit met amfoterisien-B (soos gemeet deur serumkreatinien-verhoging meer as 2,0 keer basislynmeting) ongeveer die helfte as die vir amfoterisien-B lipiedkompleks.

Aanmelding van ongunstige reaksies

Aanmelding van vermoedelike ongunstige reaksies na goedkeuring van die medisyne is belangrik. Dit verseker voortdurende monitering van die voordeel/risiko balans van die medisyne. Gesondheidsorgvoorsieners word versoek om enige vermoedelike ongunstige reaksies by SAHPRA aan te meld *via* die "6.04 Adverse Drug Reaction Reporting Form", wat aanlyn onder SAHPRA se publikasies beskikbaar is:
https://www.sahpra.org.za/Publications/Index/8

4.9 Oordosis

Die toksisiteit van **TERISOM** as gevolg van oordosis is nie bepaal nie. Indien oordosis sou voorkom, staak toediening onmiddellik. Kliniese status, insluitend renale en hepatiese funksie, serumelektroliete en hematologiese status moet noukeurig gemonitor word. Dit

kom nie voor asof hemodialise of peritoneale dialise die eliminasie van **TERISOM** vermeerder nie**.**

5 FARMAKOLOGIESE EIENSKAPPE

5.1 Farmakodinamiese eienskappe

Kategorie en klas: A 20.2.2 Antimikrobiese middels: Fungisiede
Farmakoterapeutiese groep: Antimikotika vir sistemiese gebruik, antibiotika; ATC-kode: J02AA01.

Meganisme van werking

Amfoterisien-B is ‘n makrosikliese, poliëen antifungus antibiotikum geproduseer deur *Streptomyces nodosus.* Liposome is geslote, sferiese vesikels wat gevorm word van ‘n verskeidenheid van amfifiliese bestanddele soos fosfolipiede. Fosfolipiede rangskik hulleself in tweelagige membrane wanneer aan waterige oplossings blootgestel word.

Die lipofiliese gedeelte van amfoterisien laat toe dat die medisyne geïntegreer kan word in die tweelagige lipied van die liposome. Amfoterisien-B is fungistaties of fungisidies afhangend van die konsentrasie wat bereik word in liggaamsvloeistowwe en die vatbaarheid van die fungus. Die medisyne werk waarskynlik deur binding aan sterole in die fungus se selmembraan met ‘n gevolglike verandering in membraandeurlaatbaarheid, wat lekkasie van ‘n verskeidenheid van klein molekules toelaat. Soogdier-selmembrane bevat ook sterole, en dit word gesuggereer dat die skade wat aan menslike selle en fungusselle veroorsaak word deur amfoterisien-B algemene meganismes mag deel.

Amfoterisien-B is *in vitro* aktief teen baie spesies van fungi. Meeste stamme van *Histoplasma capsulatum, coccidiodes immitis, Candida spp, Blastomyces dermatitides, Rhodotorula, Cryptococcus neoformans, Sporothrix schenkii, Mucor mucedo en Aspergillus fumigatus*, word geïnhibeer deur konsentrasies van amfoterisien-B wat wissel van 0,03 tot 1,0 µg/mL *in vitro*. Amfoterisien-B het minimale of geen effek op bakterieë en viruses nie.

5.2 Farmakokinetiese eienskappe

Die farmakokinetiese profiel van amfoterisien-B, gebaseer op die totale plasmakonsentrasies van amfoterisien-B, is aangemeld in kankerpasiënte met koorsige neutropenie en beenmurgoorplantingspasiënte wat 1-2-uur infusies van 1,0 tot 7,5 mg/kg/dag amfoterisien-B vir 3 tot 20 dae ontvang het.

Na die eerste en laaste dosis en by gelykstaat wissel die farmakokinetiese parameters van amfoterisien-B (gemiddeld ± standaardafwyking) van:

Tabel 3

C_{maks}:	7,3 µg/mL (± 3,8) tot 83,7 µg/mL (± 43,0)

$T_{½}$:	6,3 hr (± 2,0) tot 10,7 hr (± 6,4)
AOK_{0-24}:	27 µg,hr/mL (± 14) tot 555 µg,hr/mL (± 311)
Opruiming (Cl):	11 mL/hr/kg (± 6) tot 51 ml/hr/kg (± 44)
Volume of verspreiding (Vss):	0,10 l/kg (± 0,07) tot 0,44 l/kg (± 0,27)

Minimum en maksimum farmakokinetiese waardes word nie noodwendig van die laagste en hoogste dosisse, respektiewelik, verkry nie.

Absorpsie
Amfoterisien-B farmakokinetika na die eerste dosis blyk om nie-lineêr te wees nie sodat amfoterisien-B konsentrasies groter as proporsioneel met verhoogde dosis is. Daar word gemeen dat hierdie nie-proporsionele dosisrespons as gevolg van versadiging van retikulo-endoteliale amfoterisien-B-opruiming is. Daar was geen beduidende geneesmiddel-akkumulasie in die plasma na herhaaldelike toediening van 1 tot 7,5 mg/kg/dag nie.

Verspreiding
Volume van verspreiding op dag 1 en by gelykstaat suggereer dat daar uitgebreide weefselverspreiding van liposomale infusie is.

Eliminasie
Na herhaalde toediening van amfoterisien-B is die terminale halfleeftyd (t½β) vir amfoterisien-B ongeveer 7 uur. Daar word aangemeen dat hierdie lang terminale eliminasie halfleeftyd as gevolg van stadige herverspreiding van amfoterisien-B is. Die uitskeiding van amfoterisien-B is nie aangemeld nie. Die metaboliese weë van amfoterisien-B is nie bekend nie. As gevolg van die grootte van die liposome is daar geen glomerulêre filtrasie en renale eliminasie van amfoterisien-B nie.

Spesiale populasies
Renale Inkorting
Die effek van renale inkorting op die farmakokinetika van amfoterisien-B is nie aangemeld nie. Data stel voor dat geen dosisaanpassing nodig is in pasiënte wat hemodialise of filtrasie-prosedures ondergaan nie, amfoterisien-B-toediening moet egter vermy word tydens die prosedure.

Farmakokinetiese/farmakodinamiese verwantskap
Meganisme van weerstand

Intrinsieke weerstand, egter selde, kan hoofsaaklik wees as gevolg van afname in ergosterol of ‘n verandering in die teikenlipied, wat lei tot ‘n verlaagde binding van amfoterisien-B aan die selmembraan.

Breekpunte
EUCAST breekpunte vir Amfoterisien B (L-AmB) is nognie vasgestel nie, vatbaarheid vir L-AmB mag egter verskil van die van Amfoterisien B-deoksicholaat.

Amfoterisien-B, die antifunguskomponent van L-AmB, is *in vitro* aktief teen baie spesies van fungi, meeste stamme van *Histoplasma capsulatum*, *Coccidioides immitis*, *Candida* spp, *Blastomyces dermatidis*, *Rhodotorula*, *Cryptococcus neoformans*, *Sporothrix schenkii* en *Aspergillus fumigatus*, *Penicillium marneffi*, en lede van die mukomisete-groep van swamme, insluitend *Mucor mucedo*, *Rhizomucor* en *Rhizopus oryzae*.
Die meerderheid van klinies-belangrike fungus-spesies blyk vatbaar te wees vir amfoterisien-B, alhoewel intrinsieke weerstand selde aangemeld word, byvoorbeeld vir sommige stamme van *S. schenckii*, *C. glabrata, C. krusei, C. tropicalis, C. lusitaniae, C. parapsilosis* en *Aspergillus terreus.*
Daar is aangedui dat L-AmB effektief is in diere-modelle van viserale leishmaniase (veroorsaak deur *Leishmania infantum* en *Leishmania donovani).*

6 FARMASEUTIESE BESONDERHEDE

6.1 Lys van onaktiewe bestanddele

Di-stearoïelfosfatidiel gliserol, Gehidrogeneerde soja fosfatidielcholien, Cholesterol NF, DL-Alfa-Tokoferol USP, Sukrose NF, Natriumsuksinaat dibasiese heksahidraat.

6.2 Onverenigbaarhede

Terisom is onverenigbaar met soutoplossings en mag nie gemeng word met ander medisinale produkte of elektroliete nie (sien afdeling 4.2).
Hierdie medisinale produk moet nie met ander medisinale produkte gemeng word nie, behalwe dié wat in afdeling 6.6 genoem word.

6.3 Rakleeftyd

36 Maande

Aangesien **TERISOM** nie enige bakteriostatiese middel bevat nie, moet die hersaamgestelde of verdunde produk, vanuit ‘n mikrobiologiese oogpunt, onmiddellik gebruik word.
In-gebruiks-bewaringstye en toestande voor toediening is die verantwoordelikheid van die gebruiker en is normaalweg nie langer as 24 uur teen 2-8 °C nie, tensy hersamestelling plaasgevind het onder gekontrolleerde en gevalideerde aseptiese toestande.
Die volgende chemiese en fisiese in-gebruiks-stabiliteitsdata is egter vir **TERISOM**

aangetoon:

Rakleeftyd na hersamestelling:
Glasflessies vir 24 uur by 25 ± 2 °C blootgestel aan daglig.
Glasflessies en polipropileenspuite tot 7 dae teen 2 – 8 °C
Moenie bevries nie.
MOENIE gedeeltelik-gebruikte flessies vir toekomstige pasiëntgebruik bewaar nie.

Rakleeftyd na verdunning met Dekstrose:
Tabel 4

Verdunnings-middel	Verdunning	Konsentrasie van amfoterisien-B mg/mL	Maksimum duur van bewaring by 2-8 ° C	Maksimum duur van bewaring by 25±2 ° C
5 % Dektrose	1 in 2	2.0	7 dae	48 uur
	1 in 8	0.5	7 dae	48 uur
	1 in 20	0.2	4 dae	24 uur
10 % Dektrose	1 in 2	2.0	48 uur	72 uur
20 % Dektrose	1 in 2	2.0	48 uur	72 uur

6.4 Spesiale voorsorgmaatreëls vir bewaring
TERISOM ongeopende flessies:
Moenie bo 25° C bewaar nie. Hou die flessies in die buitenste karton.
Vir bewaringstoestande na hersamestelling en verdunning van die medisinale produk, sien afdeling 6.3

6.5 Aard en inhoud van die houer
TERISOM word aangebied in 15 mL, 20 mL of 30 mL steriele, Tipe-I glasflessies. Die prop bestaan uit ‘n grys butielrubberprop en aluminiumringseël toegerus met ‘n plastiekdoppie wat verwyder kan word. Tien enkeldosis flessies word per karton verpak saam met 10 filters. Nie alle pakgroottes word noodwendig bemark nie.

6.6 Spesiale voorsorgmaatreëls vir vernietiging en ander hantering
LEES HIERDIE HELE AFDELING EN AFDELING 4.4 NOUKEURIG DEUR VOORDAT MET HERSAMESTELLING BEGIN WORD
TERISOM is nie gelykstaande aan ander amfoterisien produkte nie (sien afdeling 4.2).
TERISOM moet slegs saamgestel word deur Steriele Water vir Inspuiting (sonder ‘n bakteriostatiese middel) te gebruik en in Dektrose oplossing (5 %, 10 % of 20 %) verdun word slegs vir infusie.
Die gebruik van enige ander oplossing as dit wat aanbeveel word, of die teenwoordigheid van ‘n bakteriostatiese middel (bv. bensielalkohol) in die oplossing, kan presipitasie van **TERISOM** veroorsaak.

TERISOM is NIE verenigbaar met soutoplossing nie en moet nie hersaamgestel of verdun word met soutoplossing nie of deur ‘n intraveneuse lyn wat voorheen vir soutoplossing gebruik is, toegedien word nie, tensy dit eers met dektrose-oplossing (5 %, 10 % of 20 %) vir infusie gespoel is nie. Indien dit nie moontlik is nie, moet **TERISOM** deur ‘n aparte lyn toegedien word.
MOENIE **TERISOM** met ander medisinale produkte of elektroliete meng nie.
Aseptiese tegnieke moet streng toegepas word in alle hantering, aangesien geen preserveermiddel of bakteriostatiese middel in **TERISOM** teenwoordig is nie, of in die gespesifiseerde materiale vir hersamestelling en verdunning.
TERISOM moet deur behoorlik opgeleide personeel hersaamgestel word.
Flessies van **TERISOM** wat 50 mg amfoterisien bevat, word soos volg berei:

1. Voeg 12 ml Steriele Water vir Inspuiting by elke **TERISOM** flessie om ‘n preparaat wat 4 mg/mL amfoterisien bevat, te lewer.
2. ONMIDDELLIK na toevoeging van die water, moet DIE FLESSIE KRAGTIG geskud word vir 30 sekondes om die **TERISOM** volledig te versprei. Na hersamestelling is die konsentraat ‘n deurskynende, geel verspreiding. Ondersoek die flessie visueel vir deeltjies en hou aan skud totdat ‘n volledige verspreiding verkry is. Moenie gebruik as daar enige bewys van presipitasie van vreemde materiaal is nie.
3. Bereken die hoeveelheid van hersaamgestelde (4 mg/ml) **TERISOM** wat benodig word om verder te verdun (sien tabel hieronder).
4. Die infusie-oplossing word verkry deur die verdunning van die hersaamgestelde **TERISOM** met tussen een (1) en negentien (19) dele dekstrose-oplossing (5 %, 10 % of 20 %) vir infusie per volume, om ‘n finale konsentrasie in die aanbevole reeks van 2.00 mg/mL tot 0.20 mg/mL amfoterisien, as **TERISOM,** te verskaf (sien tabel hieronder).
5. Onttrek die berekende volume van die hersaamgestelde **TERISOM** in ‘n steriele spuit. Gebruik die 5-mikron filter wat voorsien word, drup die **TERISOM** preparaat in ‘n steriele houer met die korrekte hoeveelheid dektrose-oplossing (5 %, 10 % of 20 %) vir infusie.

‘n In-lyn membraanfilter kan vir intraveneuse infusie van **TERISOM** gebruik word. Die gemiddelde porie-deursnit van die filter moet egter nie minder as 1.0 mikron wees nie.

Voorbeeld van die bereiding van TERISOM verspreiding vir infusie teen ‘n dosis van 3mg/kg/dag in 5 % dektrose-oplossing vir infusie.

Tabel 5

Massa (kg)	Aantal flessies	Hoeveelheid **TERISOM** (mg)wat onttrek moet word vir verdere verdunning	Volume van hersaamgestelde **TERISOM** (mL)*	Om 'n 0.2 mg/mL konsentrasie te berei (1 in 20 verdunning)		Om 'n 2.0 mg/mL konsentrasie te berei (1 in 2 verdunning)	
				Volume van 5 % dekstrose wat benodig word (mL)	Totale volume (mL; **TERISOM** plus 5 % dektrose)	Volume van 5 % dektrose wat benodig word (mL)	Totale volume (mL; **TERISOM** plus 5 % dektrose)
10	1	30	7.5	142.5	150	7.5	15
25	2	75	18.75	356.25	375	18.75	37.5
40	3	120	30	570	600	30	60
55	4	165	41.25	783.75	825	41.25	82.5
70	5	210	52.5	997.5	1050	52.5	105
85	6	255	63.75	1211.25	1275	63.75	127.5

* Elke flessie **TERISOM** (50 mg) word hersaamgestel met 12 mL Water vir Inspuiting om 'n konsentrasie van 4mg/mL amfoterisien-B te voorsien.

Enige ongebruikte produk of afvalmateriaal moet vernietig word in ooreenstemming met plaaslike vereistes.

7 HOUER VAN GOEDKEURING VIR BEMARKING

Ranbaxy Pharmaceuticals (Pty) Ltd
Lautreweg 14, Stormill, Uitbreiding 1
Roodepoort, 1724

8. GOEDKEURINGSNOMMER VIR BEMARKING

56/20.2.2/1125

9. DATUM VAN EERSTE GOEDKEURING

20 Junie 2023

10. DATUM VAN HERSIENING VAN DIE TEKS